



## Daar's vis in die punch

KARIEN VAN HUÏSSTEEN

Saldanha/Vredenburg Leeskring

Vir die van ons wat die afgelope dekade of drie uit pure selfgesentreerdheid en/of ongeërgdheid by boeke vir die 'jonger geslag' verby gehou het, is hierdie een dalk net die 'punch' wat nodig is om ons blik op die werklikheid onder ons neuse te vestig.

Die verhaal is 'n weeklange blik op die sestienjarige Charlie Koekemoer se lewe. En moenie dat die Engelse mansnaam en (tipies?) Afrikaanse van jou om die bos lei nie - hier is 'n vernuftige jong dame aan die woord met 'n skerpe oog en, soms, nog skerper tong.

Die eerste twee dae (of hoofstukke) het al die elemente om 'n minder jong, en waarskynlik meer Calvinistiese leser redelik winduit en verskrik te laat. Maar 'n moedige sluk en 'n fyn sif deur die 'punch' gaan jou beslis met 'n paar ongelooflike visse laat. Die 'ek/jy'-verteltrant pluk jou as't ware midde in die storie in waar jy, ten spyte van die 'versekering' dat dit nie gaan gebeur nie, tog groot stukke van haar 'bleddie soul' moet trotseer. En ja, jy het tog straks 'n 'seat belt' nodig en dalk 'n paar oormoffies vir die sensitiewes onder ons.

In die aanvangsparagrafe maak jy flink kennis met die hoofkarakter - die tipiese kritiese tiener met die nie-gewenste taalgebruik wat dan, vreemd genoeg, 'n erg patriotiese sy openbaar. Sy sê self later dat sy 'n mengelmoes van duisende verskillende bestanddele is en 'ek kan vrylik kies om elke dag die teenoorgestelde te wees van wat ek gister was'. Dit is veral hierdie laaste

woorde wat profeties voltrek word op die laaste Woensdag van die verhaal.

Die pas is aanvanklik haastig en kras en as 'n lid van die generasie van die negentigs, skroom Charlie nie om dinge te sê soos dit is nie - binne die eerste derde van die boek maak jy kennis met haar geestelike dimensie; haar verhouding met haar ouers; haar materialistiese lewe; haar liefde vir musiek en dans; haar idol, Frida Kahlo; haar siening en beleving van seks, drugs en rook en politiek; haar filosofie oor verhoudings en die liefde. Alhoewel die inhoud miskien nie altyd die leser spaar nie, slaag die skrywer tog daarin om die werklikheid raak en sonder wroeging en doelbewuste banaliteite weer te gee. 'n Mens huiwer voortdurend op die rand van geskok-wees, hartseer en 'n giggel.

Die tema van die verhaal is geensins nuut nie - die eeuelange stryd van die mens op watter stadium ook al (in hierdie geval die adolessensie) om sin te maak uit dit wat bekend staan as die LEWE. Hierdie sinmaak gaan met keuses gepaard - en dis presies wat met Charlie gebeur: sy besef sy kan besluit wie sy uiteindelik wil wees. Charlie sê verder ook dat die uitdaging vir tieners daarin lê om 'sane' te bly en terselfdertyd 'cool' te wees, aanvaar te word deur die groep. Maar uiteindelik, in die skrywer se eie woorde: 'Life is nothing else...but the sense you choose.'

In die naam en van van die hoofkarakter lê ook 'n paar paradokse opgesluit: Charlie - anima (vroulike) versus animus (manlike argetipe), Koekemoer - alledaagse, ongesofistikeerde stereotipe teenoor die wêreldwyse, blasé tiener. Charlie hou aanvanklik graag haar manlike kant voor wat nie 'n drama maak oor 'issues' nie, nie stres of huil oor niks nie, maar soos die verhaal ontvou, raak die identifikasie tog

sterker met die emosionele, vroulike kant. Hierdie dualisme kan ook 'n afskynsel wees van die invloed wat die Mexikaanse skilder, Frida Kahlo, op Charlie het. Frida het in haar kleurvolle lewe met groot gracie albei hierdie fasette uitgeleef.

Die verhaal het tog 'n dieper dimensie as wat 'n mens met die eerste oogopslag vermoed. 'n Verhaal binne 'n verhaal ontstaan (subtiel aangedui deur verskillende skrifgroottes) wanneer Charlie met haar nuwe 'laptop' Kahla skep met sterk Fridaeienskappe wat werklike 'stupid' Charlie-belevings reconstrueer in stylvolle gebeure. Waar Frida aanvanklik Charlie se ontsnapping is, skep sy uiteindelik 'n nuwe Charlie. En Charlie'skryf met die hoop dat ek enige sekonde my siel sal sien'. Maar lees gerus tot by die laaste Woensdag om die antwoord hierop te vind.

Soos wat die leser die vorige week, vóór Charlie se besoek aan Malmesbury, saam met haar beleef en sy gaandeweg sekerhede in haarself en werklikhede in haar ouers en haar onmiddellike omgewing ontdek, is daar ook 'n merkbare verskil in die taalregister wat die skrywer aanwend. Maar hou ook die oog oop vir die raak sê van dinge, soos die aanwysings vir rook (p. 37) en die siening van die Rasta huidige wêreldgebeure (p. 65-66) en die insig wat sy oor haarself kry (p. 108), om maar 'n paar te noem. (Sien nuusberig op p. 4.)

### Die skrywer

Jackie Nagtegaal is sewentien jaar oud, in 'n klein privaatkool op Stellenbosch waar sy saam met 'n maat 'n woonstel deel en met haar eie motor rondrits. Haar ouers en broer is regsgeleerdes, maar sy beplan 'n rigting in die geesteswetenskappe. Alhoewel sy in verskeie Engelse skole was, praat en skryf sy Afrikaans. **Daar's vis in die punch** het sy begin skryf toe sy in graad nege was en dit die volgende jaar voltooi. Sy is verslaaf aan skryf en daar is alreeds duisende idees in haar kop. Verder maak musiek, boeke en kuns oor 'n wye spektrum deel uit van haar daaglikse bestaan wat, teen alle verwagtinge in, baie normaal is.

Dit sou afbreuk doen aan die waarheid in die verhaal en die integriteit van die skrywer om Jackie aan Charlie, of andersom, gelyk te stel. Vir so 'n jong skrywer het Jackie uitstekend daarin geslaag om te skryf oor dit waarmee sy bekend is en ek ondersteun haar heelhartig wanneer sy sê dat sy die boek geskryf het vir lesers tussen die ouderdom van 16 en 104.